

Sing vooraf staande: Psalm 18:12

-12-

Barmhartig, vol van derenis, / is U vir wie barmhartig is;
en wie **opreg** is, U sal hom / ook met **opregtheid** teëkom.
By hul wat reinheid rein bemin, / hou U, die Heil'ge, U ook rein;
maar vir wie leef in valse skyn, / is U ook self verkeerd van sin.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 84:6

6-

'n Son en skild is onse HEER; / Hy sal genade gee en eer,
want Hy word nooit sy woord ontou nie: / Hy sal aan almal wat **opreg**
Hom dien en wandel in sy weg, / die goeie nimmermeer onthou nie.
Welsalig, HEER, wie op U bou, / aan U geheel hom toevertrou.

Geloofsbelydenis: Apostolicum/Nicea

Wet

Psalm 19:4

Die HEER se heil'ge wet / is rein en onbesmet, / en sal die hart bekeer;
sy woorde sal gewis / aan wie eenvoudig is, / die ware wysheid leer.
Sy regte heerskappy / dié sal ons hart verbly / en onreg nooit gedoë;
en wat sy wet berig / is **suiwer** soos die lig / wat afstraal op die oë.

Gebed

Psalm 36:3

-3-

Van al wat leef, is U die bron; / van alle lig, die eewge son
wat afstraal in ons oë. / HEER, laat u reg en goedheid wees
oor wie **opreg** u ken en vrees / en steun op u vermoë:
laat trotse voet my nooit vertrap, / nòg bouse hand in ballingskap
my dwing om rond te swerwe! / Daar val die werkers van die kwaad
vir altyd in 'n jammerstaat / waarin hul magt'loos sterwe.

Skriflesing:

Teks: Kolossense 2:7,8

... gewortel en opgebou in Hom en bevestig in die geloof, soos julle geleer is, terwyl julle daarin oorfloedig is in danksegging. Pas op dat niemand julle as 'n buit wegvoer deur die wysbegeerte en nietige misleiding nie, volgens die oorlewering van die mense, volgens die eerste beginsels van die wêreld en nie volgens Christus nie.

Iemand wat dink dat hy die Here in sy binnekamer goed en van harte kan aanbid, maar in sy openbare lewe nie hierdie lewe weerspieël nie, maak 'n baie groot fout. 'n Ware gelowige kan nie so 'n lewensstyl hê nie.

1. Vertrekpunt

Die gemeente van die Kolossense was anders as die meeste ander gemeentes, want hulle het nie tot stand gekom deur Paulus se prediking nie. Epafras het aan hulle die

evangelie verkondig en toe het daar 'n klompie mense tot bekering gekom, waaruit die gemeente van die Kolossense ontstaan het.

- Daarom begin die brief in hoofstuk 1:3, 4 waar Paulus en Timoteus die Here dank omdat hulle hoor van die geloof van hierdie gemeentelide.
- Hulle het dus nie eerstehandse kennis van die mense nie.

Die gemeente het egter 'n swaar beproewing deurgemaak, want daar het dwaalleraars opgedaag wat die gemeente probeer mislei het.

- Die mense wat die verleiding veroorsaak het, het vir hulle tyd 'n baie sterk wetenskaplike aanslag gebruik.
- Hulle het onder andere die filosofie gebruik.

Filosofie was in die destydse Griekse wêreld sekerlik die belangrikste wetenskap.

- Om dit modern te verduidelik, sou ons sê dat alles wat u vandag ken as natuurwetenskappe en ook alle geesteswetenskappe, die mediese wetenskap en musiek, destyds aan die studente geleer is onder die opskrif "filosofie".
- Dit was dus werklik 'n skerp en geslypte aanval, waarteen mens met jou verstand min weerstand gehad het.

Wat belangrik is, is dat u moet onthou dat die filosowe nie vir die christene gaan sê het dat hulle heeltemal van die christelike geloof moes afsien nie.

- Hulle moes net sekere dinge verander en aanpas, sodat hulle die filosofie ook kan insluit.
- Die christene moes net van een ding afsien, en dit is dat die Here Jesus Christus en sy verdienste hulle volmaak maak.

En nou sal u wonder: hoe het die gemeente van Kolosse die aanval hanteer? Het hulle toegegee aan hierdie mense?

- Nee, hulle het nie.
- Daarom skryf Paulus en dan staan die volgende woorde daar:

... dat niemand julle met drogrede mag verlei nie. (Kolossense 2:4)

Vers 5 las aan met:

Ek verbly my om julle goeie orde te sien.

Die woordjie wat in die ou Afrikaanse vertaling met "orde" vertaal is, is 'n militêre term wat die ordes aandui waarin soldate op die slagveld opgestel is.

- Hulle was inderdaad nog nie verlei nie.
- Die Kolossense kon nog die gevaar wat gedreig het die hoof bied.
- Die rede daarvoor is dat hulle die dwaalleer as 'n aanval van die duiwel gesien het en dat hulle soos soldate hulle daarteen verweer het.

Mens kan vers 6 maklik verby lees, sonder die diepe erns van die vers mens tref:

... soos julle dan Christus Jesus, die Here, aangeneem het, wandel so in Hom.

Hier het ons die Kolossensers se wenresep.

- Hulle het elke saak wat voorgekom het, eers gaan oordeel: is die ding wat aangebied word van die Here Jesus Christus af of is dit iets wat net uit mense voortkom?
- Met ander woorde, as dit ons is, sal ons moet oordeel of die saak waarmee ons gekonfronteer word, Bybels is, en of dit maar net weer 'n mens of 'n groep mense se breinkind is.

Godsdiens is ook nie 'n ding wat kan vassteek nie.

- Daar moet altyd voortgang wees.
- Maar jou ontwikkeling van jou geloof en groei moet vry wees van verkeerde dinge.
- Daar moet die vastheid van Jesus Christus wees.

2. Lewensstyl

Kom ons stel dit eenvoudig: dit gaan dus oor lewensstyl.

- Met ander woorde wat word van die Bybelbeginsels in jou lewe?
- Hoe stel jy dit in werking?

Paulus verwys hier na Efese se preke wat hy in die begintye van daardie gemeente gepreek het.

- Die prediking het versprei en ook by die Kolossensers uitgekóm.
- Die gemeente het op die preke gereageer en die Here Jesus Christus aangeneem.
5 vanweë die hoop wat vir julle weggeleë is in die hemele, waarvan julle vroeër gehoor het deur die woord van die waarheid van die evangelie, 6 wat julle sowel as die hele wêreld bereik het; en dit dra vrug, net soos onder julle ook, van die dag af dat julle dit gehoor het en die genade van God in waarheid leer ken het; 7 soos julle ook geleer het van Épafra, ons geliefde mededienskneg, wat 'n getroue dienaar van Christus vir julle is, 8 wat ook julle liefde in die Gees aan ons te kenne gegee het. Kolossense 1:5-8

Nou skryf Paulus dat hulle in hierdie evangelie gewortel en gebou moet wees.

Eerste is daar 'n beeld uit die landbou: gewortel.

- Soos wat 'n groot boom wortels maak wat diep in die grond ingaan en wat hom anker dat die wind hom nie omwaai nie – so moet jou wortels in die geloof in die Here Jesus wees.

Dan is daar twee beelde uit die boubedryf: **opgebou** en **gevestig**.

- **Opgebou**, is om soos 'n huis opgebou te word van die fondament af tot dat die hele huis klaar is – en daar staan as 'n woonplek.
- **Bevestig** verwys juis na die fondament wat gegooi is waarop die huis dan gebou word.

Die gemeente is die dinge geleer.

- Met ander woorde, hulle het die genadige besef dat hulle weet waaroor dit gaan,
- maar hulle word terselfdertyd deur hierdie woorde vermaan om nie af te sien van die dinge wat God hulle geleer het nie!

Vers 6 het nou gesê dat ons in die Here moet wandel.

- Dit beteken dat ons moet leef en werk: dae voortbring.

- Vers 7 teken die vertrekpunt van die daad: hulle moet almal in die Here Jesus begin. En nou word die eerste een sommer dadelik genoem: **wees oorvloedig in danksegging.**

Ons belydenis leer ook dat die gebed die vernaamste deel van die dankbaarheid is, dus: danksegging. In hoofstuk 3:15 voeg by die dankbaarheid die vrede van God wat in ons harte moet heers.

Dan kom Paulus by 'n tweede punt: die gelowiges moet waaksaam wees.

- Let daarop dat Paulus nie met 'n sosiale teologie vorendag kom nie.
- In ons tyd word daar mos in wye kringe 'n sosiale teologie gepreek.
- Die Bybel leer hier iets anders.

Waarteen moet die gelowiges waak? Kyk na vers 8: eerste is daar 'n militêre aanval.

- Die gelowiges moet waak dat hulle nie as buit weggevoer word nie.
- Die woord "om as buit weggevoer te word" is 'n ou Griekse militêre term.

Daarmee teken die Here die gesindheid waarmee die duiwel en sy meelopers onder die mense die saak benader.

- Geweld wat gevolg moet word deur 'n oorwinning vir hulle, waarin hulle die gelowiges as hulle buit wil verkneg aan die leuen.

Dan gaan die Bybel verder en teken die wapens: filosofie (wysbegeerte) en nietige misleiding.

- Die wysbegeerte is baie duidelik die volle spektrum van die wetenskap.
- Daar kan redenasies uitkom wat baie diepsinnig mag lyk, maar in sy wese is hy louter bedrog.

Nou weet ons dat die gelowige tog ook wetenskap moet beoefen, mag hy dan nie? En is alles wat wetenskap is, dan bedrog?

- Die antwoord is duidelik: Onderskei wanneer die saak menslik en wêrelds is en wanneer dit God dien.
- Die wat wêrelds is, is bedrog - daardie tipe aanbieding is gewoonlik ook gerig teen die geloof.
- Dit wat God dien, dit hang jy aan en daarmee werk jy.

Die Bybel se woorde in vers 8:

... volgens die oorlewering van die mense, volgens die eerste beginsels van die wêreld en nie van Christus nie.

Jou lewe moet dus die styl vertoon dat dit onderskei tussen sake wat God dien en sake wat die duiwel dien.

- Die Here voer hier 'n duidelike skeiding in. Jy moet nie net kan onderskei nie – jy moet iets doen nadat jy die dinge raakgesien het – jy moet skei.
- Jy moet dinge letterlik uitmekaar haal en die slegte dinge weggooi.

Die gedeelte stel dit sterk dat die duiwel ook bepaalde prioriteite het - hy het ook eerste beginsels.

- Dis die enigste negatiewe ding wat die Bybel sê.
- Dan slaan dit oor om te sê hoe groot en magtig die Here Jesus Christus is en wat die gelowige alles van Hom kan verwag.

3. Bekwaamheid in die Here Jesus Christus

Vers 9 en 10 stel die saak so duidelik: in Christus is die volheid van God.

- Deur die Here Jesus Christus het ons die volheid, want Hy is die Hoof van alle owerheid en mag.

Die eerste deel is basies dieselfde as wat in Johannes 1 staan:

Die Woord het vlees geword en onder ons gewoon.

Hy was volledig God:

- Hy het die duiwels en die natuur beveel en hulle het geluister.
- Hy het siekes genees en op sy bevel het Lasarus uit die graf opgestaan.
- Hy gaan in die dood in en oorwin dit – en vaar weg hemel toe. Net God kan dit doen.

Daarna teken vers 10 die voortgang van die gelowige.

- Niks kan die Here Jesus Christus keer nie, want Hy regeer oor alle magte en owerhede wat daar ookal is.
- In sy krag gaan ons, die gelowiges, ook voort totdat ons voete op die nuwe aarde staan.

Verse 13 tot 15 beskryf presies hoe dit gebeur.

- Ons is dood as gevolg van ons sondes. Letterlik staan daar “julle is lyke”.
- Maar dit beteken nie dat ons die oorlog teen die duivel verloor nie.
- Die Here Jesus het ons toe lewend gemaak, want Hy het die misdade wat die oorsaak is van ons dood, weggeneem.

Die Here Jesus het dit gedoen deur die duivel se slagveld op sy sterkste punt aan te val en te oorwin.

- Hy is met sondes – die brief aan die kruis – die doderyk in.
- Vers 15 beskryf dat Jesus alle magte duidelik aan die kaak gestel het deurdat Hy hulle verslaan het.

Hy het dit nie in die geheim gedoen nie.

- In die openbaar het almal gesien dat sy graf leeg is.
- Die Here Jesus het aan mense verskyn en weer weggegaan.
- Voor hulle oë weggevaar hemel toe.

Nou is ons terug by vers 8. Gaan leef nou in die krag van die Here Jesus en veg teen die duivel.

- Moenie bang wees nie – jy is klaar die oorwinnaar, want jy leef in Jesus se krag.
- Lewe so dat almal in jou lewenswandel die krag en geregtigheid van jou Here sien.

Iemand wat die verlossing van Jesus Christus deur die geloof aangeneem het, gaan met sy lewe openbaar dat hy die Here van harte ken.

- Dit gaan oor daad, want met jou daade doen jy die volgende: Jy leef 'n lewe waarmee jy God verheerlik.
- Dade is ook aanbidding! Jou lewe is vir almal rondom jou 'n bewys dat jy die nuutheid van verlos wees ervaar en dit deel van jou maak: daade is dus ook getuigenislewering!

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 18:11

11-

Sy ordening, dié was voor my, / ek het sy woord getrou gebly.

Ek was **opreg** van hart voor Hom / en wou op onregspad nie kom;
sodat die HEER, sy trou tot prys, / en na die reinheid van my hand,
sy woord gegee het as my pand / en my my reg het toegewys.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Hulpdienspredikant
Gereformeerde Kerk Clanwilliam
Datum: 13 April 2014